# CROSS ROADS EVANGELISASIE
# Basiese opleiding – Studiegids

**Om gelowiges toe te rus om die een ware Bybelse Evangelie van <u>Jesus Christus</u> met ander te deel.**

*JESUS STUUR ONS! HY HET GESÊ: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. (Mark 16:15 AFR53)*

**Eerste Uitgawe: 22 Mei 2025**

*Geskryf deur: Eddie van Dyck en Franco Labuschagne*
*Hersien deur: Pastoor Lourens Schlebusch*

## Inleiding

*Wat is **die Evangelie**? In die nuwe testament lees ons hoe dat Paulus dit verduidelik het aan die kerk van die Korinthe.*

[1] BROEDERS, ek maak julle die evangelie bekend wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aangeneem het, waarin julle ook staan, [2] waardeur julle ook gered word as julle daaraan vashou op die wyse waarop ek dit aan julle verkondig het, of julle moet tevergeefs geglo het. [3] Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, **dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; [4] en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is** volgens die Skrifte; (1 KORINTHIËRS 15:1-4 AFR53)

Evangelisasie is die aksie om beginsels van Jesus Christus se verlossingsdaad aan diegene te vertel wat nog nie hul hart vir Jesus gegee het nie. In *Markus 16:15* roep Jesus Christene op met die volgende woorde: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

Baie mense sê hulle optrede en manier van dinge doen is ‘n getuienis van Christus. Alhoewel ‘n voorbeeldige lewe prysenswaardig is, is dit nie alleenlik genoeg om die evangelie van Christus met ongelowiges te deel nie. Kyk wat staan geskrywe in die Woord:

Romeine 10:14 (AFR53) - Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie **gehoor** het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat **preek**?

**En ook:**

Romeine 10:17 (AFR53) - Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die **Woord van God**.

Daar is dus ‘n definitiewe verantwoordelikheid vir Christene om die evangelie van Jesus Christus te deel en te vertrou dat die Heilige Gees die oortuiging sal doen. (Saai en vertrou)

Jakobus 2:20 (AFR53) - Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?

*Jesus het immers ook vir sy dissipels gevra om te bid vir meer werkers om die ongelowiges te red:*

Toe Jesus na die baie mense kyk, het Hy ontroerd geraak oor hulle seerkry en weerloosheid. Hulle was soos skape sonder ’n wagter. Daarop sê Hy vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die werkers is min. 38Hierdie oes is die Here s’n. **Vra Hom dan om werkers vir sy oesland te voorsien**.”
(Matteus 9:36-38)

*Hoekom is dit belangrik dat ons die evangelie deel met ander?*

So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, [4] want **Hy wil dat almal verlos word** en die waarheid verstaan. [5] Want **daar is net een God en een Middelaar wat God en mens kan versoen. Hy is die mens Christus Jesus**. [6] Hy het sy lewe gegee om vryheid vir elkeen te koop. Dit is die boodskap wat God aan die wêreld gegee het op die bestemde tyd. (1 TIMOTEUS 2:3-6 NLV)

Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.



**Eerste Uitgawe: 22 Mei 2025**

*Geskryf deur: Eddie van Dyck en Franco Labuschagne*
*Hersien deur: Pastoor Lourens Schlebusch*

Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan. (2 PETRUS 3:9-11 AFR83)

Elke bekeerling tot Christus het al te doen gehad met die evangelie – hoe anders sou hulle dan tot geloof gekom het?! Om die evangelie te deel, behoort amper tweede natuur te wees, maar tog ontbreek dit baie volgelinge van Jesus hoe om dit te doen. Die Bybel gee vir ons die kennis oor wat die evangelie behels en hoe ons mense kan benader om die Evangelie met hulle te deel.

Daar is 'n Bybelse proses van verlossing wat begin by die oortuiging van sonde en die uiteindelike lewe deur geloof in die redding wat ons ontvang deur JESUS CHRISTUS.

| ALMAL HET GESONDIG | ➔ | DIE NOOD VIR 'N REDDER | ➔ | DIE NUWE LEWE DEUR GELOOF NA BEKERING |
|---|---|---|---|---|

**God het ons nie gemaak om vasgeval te bly in sonde nie, maar eerder...**

*Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is, maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie, waarvoor ek aangestel is as prediker en apostel en leraar van die heidene. 2 Timotheüs 1:8-11 AFR53*

Kom ons deel hierdie evangelie met almal – **jy kan 'n evangelis wees** en help om baie mense te lei na die here met behulp van die Heilige Gees. As jy 'n weergebore Christen is en jy is gewillig, **kan God jou gebruik!**

HOE MEER MENSE DIE EVANGELIE HOOR, HOE MEER SAL MENSE POTENSIEEL WIL BEKEER.
SÓ SAL ONS GEMEENSKAPPE, DORPE, STEDE, PROVINSIES, EN DIE LAND GERED KAN WORD!

## Kern struktuur

Die volgende raamwerk kan gebruik word om 'n evangelis te ondersteun wanneer die evangelie gedeel word:

1. Oortuiging van sonde
2. Die gevaar van sonde
3. God se oplossing vir sonde
4. Redding deur geloof
5. Oorgawe en die nuwe lewe

*Elkeen van die punte sal afsonderlik bespreek word in die bladsye wat volg.*



**Eerste Uitgawe: 22 Mei 2025**
*Geskryf deur: Eddie van Dyck en Franco Labuschagne*
*Hersien deur: Pastoor Lourens Schlebusch*

## 1. Oortuiging van sonde

In samelewings wat nog nooit voorheen van Christus gehoor het nie, bestaan daar 'n bewustheid van reg en verkeerd (morele waardes) en wat van pas is om te doen en wat nie, bv. moenie steel nie, moenie jok nie, moenie doodmaak nie. Geen mens kan die feit vermy dat daar 'n ontwerper/hoër wese (mag) is nie. God se bestaan word bevestig deur die skepping. In Romeine 1:18-21 skryf Paulus aan die Romeine en sê:

*Van Sy hemelse woonplek af maak God Sy straf bekend oor die mense wat goddeloosheid en ongeregtigheid bedryf en so die waarheid onderdruk. In hulle harte het hulle immers 'n duidelike besef van God, want God het dit aan hulle bekendgemaak. Want hulle kan Sy onsigbare eienskappe, naamlik Sy ewige krag en Sy Goddelikheid, reeds van die skepping van die wêreld af duidelik uit Sy handewerk waarneem. Daarom kan hulle hulleself nie verontskuldig nie. Ja, hulle het 'n Godsbesef gehad, maar tog het hulle Hom nie as God geëer of aan Hom dankbaarheid betoon nie. Inteendeel, hulle het vir hulleself allerlei belaglike voorstellings oor 'n godheid begin maak en hulle verdwaasde harte het heeltemal toegeslaan.* (AFR NLV)

BENADER DIE PERSOON OP DIE STRAAT, IN DIE WINKELSENTRUM, BY JOU WERKSPLEK, WAAROOKAL GOD JOU LEI, DEUR TE BEGIN MET DIE VOLGENDE VRAAG:

**Dink jy dat jy 'n goeie mens is?**

Wag vir 'n antwoord... Indien die persoon onseker is of sê dat hulle goeie dade doen en niks sleg noem wat hul al ooit gedoen het nie. Vra daarna die volgende:

- Het jy al gejok?
- Het jy al gesteel?
- Het jy al 'n man/vrou begeer?

Dit wat vir God nie reg is nie, word **sonde** genoem. Vanaf die sondeval in Genesis, toe Adam en Eva ongehoorsaam was doen elke mens gedurig wat verkeerd is in God se oë, die Woord sê:

Romeine 3:23 (AFR53) - want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,

**en ook:**

Romeine 3:10 (AFR53) - Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.

God se standaard is so hoog, dat Hy sê in **Matteus 5:28 (AFR53) -** Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.

DUS KAN ONS NIE ONTKEN DAT ONS SONDE DOEN NIE. WAT IS DAN DIE GEVOLGE VAN SONDE? WAT MAAK DIT SAAK?

## 2. Loon van die sonde

Hebreërs 9:27 (AFR83), 'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel.

Vra nou die tweede vraag: **Waarheen gaan jy indien jy nou sou sterwe**? **(Hemel of Hel)**

*Luister mooi na wat die persoon sê, veral oor hul begrip van die hemel en van God. Kyk wat jy dalk kan sê om die persoon te help verstaan dat die Bybel dit duidelik maak dat ons gees of hemel toe gaan of na die verderf toe gaan na die dood. Moenie in 'n argument betrokke raak nie en probeer terug kom na die gevolge van sonde...Verduidelik die volgende aan die persoon:

*Jy mis uit op jou erfdeel:*

1 Korintiërs 6:9-10 (AFR53) - [9]Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? [10]Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.

*En nog erger:*

Romeine 6:23 (AFR53) - Want die loon van die sonde is die dood.

Openbaring 21:8 (AFR53) gee 'n verduideliking van wat hierdie "dood" is waarna verwys word: Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

WAT KAN 'N MENS DAN DOEN OM HIERDIE STRAF VRY TE SPRING?

## 3. God se oplossing vir sonde

Vir die betaling van sonde, moet bloed vloei. God die Vader het Sy Seun gestuur om aan die kruis te sterf, sodat Sy bloed ons sondes kan wegneem. Jesus was die perfekte offer vir ons sonde, want Hy het self geen sonde gedoen nie. Hy en hy alleen was waardig om vir die mensdom se sonde te betaal, deur onskuldig aan 'n kruis te hang.

Efesiërs 1:7 (AFR53) - In Hom het ons die verlossing deur Sy **bloed**, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade,

Efesiërs 2:13 (AFR53) - Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die **bloed** van Christus.

1 Johannes 4:10 (AFR53)- Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.

WAT MOET ONS DOEN OM HIERDIE REDDING TE ONTVANG?

## 4. Redding deur geloof

*Ons moet **glo in Jesus** en ons sonde aan Hom bely:*

Johannes 3:16 (AFR83) - God het die mensdom só liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

1 Johannes 1:9 (AFR53) - As ons ons sondes **bely**, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Romeine 10:11 (AFR53) - Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom **glo**, sal nie beskaam word nie.

Romeine 3:26 (NLV) - Op hierdie manier blyk dit dat Hy nie net regverdig is nie, maar terselfdertyd ook elkeen regverdig verklaar wat in Jesus glo. (NLV)

Handelinge 4:12 (AFR83) Hý (Jesus) bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.

*Die volgende kan belemtoon word aan die luisteraar – die feit dat elkeen seker kan wees van hulle redding indien hulle opreg bekeer en glo.*

Romeine 10:13 (AFR53) - Want: Elkeen wat die Naam van die Here **aanroep**, sal gered word.

Efesiërs 2:8-9 (NLV) - Dit is mos dié genade wat julle verlos het deurdat julle tot geloof gekom het. En julle verlossing kom nie uit julleself nie, **maar is 'n gawe van God**. 9 Dit is **nie die gevolg van julle dade nie.** Niemand kan daaroor grootpraat nie, 10 want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe.

HOE MOET ONS NOU LEWE NADAT ONS JESUS AS ONS VERLOSSER EN SALIGMAKER AANGENEEM HET?

## 5. Oorgawe en die lewe van 'n weergebore Christen:

As jy glo dat Jesus die Seun van God is en dat Hy Sy lewe neergelê het vir jou verlossing, kan 'n mens nie anders as om vir Hom te lewe nie. Dit beteken ons wei ons hele lewe toe aan God vir Sy doeleindes en tot eer van Sy naam.

1 Korintiërs 6:19-20 (NLV) - Of verstaan julle nie dat julle liggame 'n tempel van die Heilige Gees is wat in julle woon en deur God aan julle gegee is nie? Julle behoort nie aan julleself nie, **want julle is teen 'n duur prys gekoop.** Daarom moet julle God met julle liggaam verheerlik.

*Die evangelis kan verduidelik dat die geloofsgewoontes en dade van 'n weergebore Christen die volgende insluit:*

- Bid – praat met God
- Hê 'n verhouding met God – laat toe dat God inspraak in jou lewe het
- Lees die Bybel – Die fisiese boek of 'n Bybel toep, bv. YouVersion
- Woon die samekomste van die gelowiges by (Kerk/selgroep, ens.)
- Hê ander lief en behandel ander soos wat jy behandel wil word.

Romeine 12:1-2 (NLV) - Nou wil ek julle baie ernstig vra, broers en susters: As julle dink aan alles wat God in Sy groot barmhartigheid vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as 'n lewende en heilige offer. Dit is dié soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak. 2 Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hý wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is.

TENSLOTTE, ONS REDDING IS ALLEENLIK DEUR OPREGTE BEKERING EN GELOOF IN JESUS.

Romeine 10:9-13 (AFR83) - Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word. 10 Want as ons glo met ons hart, word ons vrygespreek en as ons met ons mond bely, word ons verlos. 11 Soos die Skrif sê: "Wie in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie." 12 Inderdaad! Dit maak geen verskil of jy 'n Jood of 'n Griek is nie.

Ons het almal dieselfde Here en Hy deel Sy rykdomme uit aan almal wat Hom aanroep. 13 Want **"elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal verlos word".**

## Wenke om iemand te benader

- Groet vriendelik en stel jouself voor as deel van die evangelisasie span.
- Wees kreatief en wys omgee deur die situasie te lees, bv. vra iemand wat swaar dra of jy kan help of 'n goedgunstige opmerking te maak oor die persoon.
- Vra dan die vraag: dink jy dat jy 'n goeie mens is?
- Luister altyd mooi na die persoon, maar probeer om die gesprek terug te bring na die evangelie wat oorgedra moet word.
- Volg dan die raamwerk verder, of ***soos die Heilige Gees jou lei.***
- Onthou dat die doel van evangelisering is slegs om die goeie nuus van Jesus te deel, die Heilige Gees doen die oortuiging. (Saai en vertrou)
- As iemand haastig is, gee net die evangelie-kaartjie en vra net mooi dat hulle daarna sal kyk.
- Indien iemand alreeds 'n weergebore Christen is, vra dat hulle 'n kaartjie sal vat sodat hulle die evangelie met iemand anders kan deel of selfs kan kontak maak met die bediening om deel te vorm van die span.

## Voorbereiding/Nasorg/Wenke:

- ☐ Bid in die week(e) vooraf dat die "grond" voorberei sal word.
- ☐ Moenie in argumente betrokke raak nie.
- ☐ Openbaar deurgaans die vrug van die Gees.
- ☐ As iemand nie na jou wil luister om mee te begin nie, of nie Christus wil aanneem nadat die evangelie gedeel is nie, beweeg aan en "skud selfs die stof van jou voete af" - Lukas 9:5 (AFR53).
- ☐ Doen intersessie na die tyd vir elke persoon wat teëgekom is gedurende die evangelisasie geleentheid.



**Eerste Uitgawe: 22 Mei 2025**

*Geskryf deur: Eddie van Dyck en Franco Labuschagne*
*Hersien deur: Pastoor Lourens Schlebusch*